

TIM
THERON

DONNALEE
ROBERTS

HYKIE
BERG

ANEL
ALEXANDER

SISANDA
HENNA

PIERRE
BREYTENBACH

AMALIA
UYS

HELENE
TRUTER

LEANDIE
DU RANDT

BOUWER
BOSCH



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE



PRODUKSIENOTAS



www.kleinkaroofilm.co.za






KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



KAAPLAND FILMS BIED AAN

'n Regardt van den Bergh film

KLEIN KAROO

Donnalee Roberts
Tim Theron
Hykie Berg
Anel Alexander
Pierre Breytenbach
Sisanda Henna
Heléne Truter
Leandie Du Randt
Bouwer Bosch
Ilse Oppelt
Amalia Uys

VERVAARDIGERS:

Cobus van den Berg
Tim Theron
Jorrie van der Walt

REGISSEUR:

Regardt van den Bergh

KINEMATOGRAAF:

Jorrie van der Walt

TEKSSKRYWER:

Etienne Fourie




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



SINOPSIS:

'n Jong onderwyseres van Oudtshoorn, Cybil Ferreira, sal enigiets in haar vermoë doen om te verseker dat haar projek by die plaasskooltjie, Kalfieskraal voortgaan. Sy droom daarvoor om 'n sentrum te vestig waar die omgewing se kinders, wat swaarkry as gevolg van alkoholisme onder die grootmense van die Swartberg-vallei, veral oor naweke 'n veilige hawe kan vind.

Cybil se droom loop egter gevaar om gekelder te word nog voordat dit regtig van die grond af kan kom: Die grond waarop Kalfieskraal staan is, te koop en nie een van die moontlike kopers stel in haar projek belang nie. Nie eens Cybil se skatryk verloofde, die volstruisboer Meyer Labuschagne, gee veel om oor die toekoms van die projek of die kinders nie.

Cybil se laaste hoop is om die direkteur van Global Upliftment Fund, wat tans in die Klein Karoo opsoek is na projekte om te ondersteun, te oortuig om haar projek te befonds.

En dan verskyn Frans Coetzee op die toneel. Frans is 'n filmmaker met 'n gebroke hart, wat saam met sy span in die Klein Karoo is om 'n dokumentêre rolprent oor opheffingswerk in die omgewing te maak – en hopelik in die proses te vergeet van die liefde, vrouens en al die moeilikheid wat daarmee gepaard gaan.

Maar dan kruis Cybil en Frans se paadjies, en hulle albei se wêreld word heeltemal omver gegooi.

As Cybil haar hart volg, beteken dit dat sy haar drome moet opgee, of kan ware liefde haar drome vlerke gee?

En is Frans bereid om die liefde nog 'n kans te gee?

Donnalee Roberts is Cybil Ferreira:

Cybil is 'n onderwyseres op die plattelandse dorpie Oudtshoorn, geleë in die hartjie van die Klein Karoo. Wanneer

sy nie by die skool doenig is nie, help sy by die klein plaasskooltjie, Kalfieskraal. Cybil se drome strek egter verder as om net nou en dan by die skooltjie uit te help. Haar hart klop warm vir die kinders en sy wil graag 'n sentrum begin wat vir hulle 'n veilige hawe sal wees wanneer dinge by die huis rof raak. Haar projek word egter bedreig want die grond waarop sy die sentrum wil begin, is te koop, wat beteken dat Kalfieskraal dalk binnekort nie meer sal bestaan nie ... Cybil is aan die skatryk volstruisboer, Meyer Labuschagne, verloof maar of hy die regte man vir haar is, sal net die tyd kan leer.

Tim Theron is Frans Coetzee:

Frans is 'n dokumentêre filmmaker wat wêreldwyd vir verskillende nuusagentskappe gewerk het, gewoonlik saam met sy goeie vriend, Bongzi Mazibuko. Frans is 'n gemaklike mens met min fieterjasies, behalwe dat hy op die oomblik nooit weer aan vrouens en die liefde wil dink nie. Sy verloofde, Sanet, het nie vir hulle troue opgedaag nie en sy hart is aan skerwe. Frans skiet hoofsaaklik dokumentêre rolprente oor oorloë en politieke onrus – die tipe stories wat mense graag wil sien, maar nie lekker is om te vertel nie. Hy sien daarna uit om in die Klein Karoo, saam met Bongzi en hulle maltrapspan, aan 'n projek te werk wat vir 'n slag 'n beter sy van die mensdom sal wys.

Hykie Berg is Meyer Labuschagne:

Meyer, 'n vooraanstaande volstruisboer van die Oudtshoorn-omgewing, is verloof aan Cybil. Hy volg in die voetspore van sy pa, Meyer senior, wat die familieplaas uit niks uit opgebou het tot die groot sukses wat dit vandag is. Meyer is nie 'n slegte ou nie, maar sy prioriteite is so effe van koers af. Hy word gedryf deur die behoefte om sy pa se skoene vol te staan en daarom fokus hy tans net op die uitbou van sy boerdery na druiwe en wyn. Hy sien Cybil se projek by Kalfieskraal as iets wat haar kan besig hou terwyl hy "regte werk" doen.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



Anel Alexander is Sophie Ferreira:

Sophie is Cybil se aangenome sussie wat die lodge, Swartberg Country Manor, bestuur waar Global Upliftment Fund hulle konferensie hou. Sophie is baie kunstig en kan as 'n bietjie eksentriek beskryf word. Sy is besonder goed in haar werk en die gaste is mal oor haar, veral as sy en haar "partner in crime", Hermientjie, allerhande tema-etes en -aande vir die gaste se vermaak uitdink. Sophie het glad nie ooghare vir Meyer nie en kan nie verstaan wat haar sussie in hom sien nie. Sophie moet egter nie net die lodge bestuur nie, maar ook die eienaardige, kiembehepte eenaar, Karel, tevrede hou. Hy is 'n konstante bron van frustrasie vir haar. Maar kruip daar dalk onder al daardie frustrasie iets anders weg?

Pierre Breytenbach is Karel "Kiempie" de Villiers:

Karel de Villiers besit Swartberg Country Manor. Hy het die lodge gekoop omdat hy nie meer in die kiembesette stad wou bly nie en dit eerder vir die platteland wou verruil. Hy kan basies geen interaksie met vreemdelinge hanteer nie en daarom is Sophie die gesig van Swartberg Country Manor. Karel se gebrek aan sosiale vaardighede en sy absolute vrees vir kieme, veroorsaak dat hy selde kan sê wat hy regtig voel. Hy vermy dus enige betekenisvolle verhoudings. Die liefde is egter blind en ook nie bang vir 'n kiem of twee nie ... Karel se lewe kan derhalwe binnekort drasties verander.

Sisanda Henna is Bongji Mazibuko:

Bongji is Frans se beste vriend en sakevennoot. Dit was sy idee om 'n produksie maatskappy te begin en hy hanteer die kliënte en werf nuwe projekte. Bongji is 'n regte stadsjapie, vol selfvertroue en met 'n uitstekende selfbeeld. Hy het egter geen beheer oor die res van sy en Frans se filmspan (Jackie en Brian) nie, en laat dit gewoonlik aan Frans oor om hulle uit te sorteer en in toom te hou. Hy bekommer hom voortdurend oor Frans, veral nadat Sanet hom voor die kansel gelos het,

en sy persoonlike doelwit is om vir Frans nuwe liefde te vind. Frans is egter glad nie lus vir al Bongji se plannetjies nie, maar Bongji laat hom nie daardeur afsit nie.

Bouwer Bosch is Brian en Leandie du Randt is Jackie:

Jackie is Bongji se assistent, maar niemand is seker wat presies sy doen nie – behalwe om op almal se senuwees te werk. Sy het hou nie van kinders of die platteland nie en beskou die tyd wat hulle in die Klein Karoo, en by Kalfieskraal, deurbring as haar eie persoonlike stukkie hel.

Brian is 'n uitstekende kameraman, wat dan ook die enigste rede is waarom die ander hom verdra. Hy spesialiseer in rolprente oor oorloë en konflik en meer bomme het al naby hom ontplof en koeëls oor sy kop gevlieg as wat vir enigiemand se geestelike welsyn gesond kan wees. In kort: Brian se kop raas.

Helene Truter is Hermientjie:

Hermientjie is die kok by Swartberg Country Manor en Sophie se "partner in crime".

Amalia Uys is Magriet:

Magriet hou by dieselfde skool as Cybil skool. Hulle is nie juis gek oor mekaar nie, hoewel Magriet gek is oor Meyer ...




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



DONNALEE ROBERTS



Die Suid-Afrikaanse aktrise en model, Donnalee Roberts, het in 2006 haar BA-graad in drama aan die Universiteit van Pretoria behaal, waarna sy haar vir 'n verdere twee jaar se studies by PALI (Performing Arts and Lifestyle Institution) in Pretoria ingeskryf het en onder

meer die hoofrolle in 'n hele paar studentefilms vertolk het.

Donnalee het veral bekendheid verwerf vir haar rol as die lewenslustige Annelie in die gewilde SABC-sepie, 7de Laan. Sy het al in verskeie advertensieveldtogte gesig gewes en is ook betrokke by, en die ambassadeur van, 'n aantal welsynsorganisasies.

Klein Karoo is Donnalee se eerste vollengtefilm, maar definitief nie haar laaste nie!

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Dis 'n storie met hart en siel, wat mense inspireer! Dit wys ook dat enige droom waar kan word en dat ware liefde wel bestaan.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Vir my was daar nog altyd iets bekoorliks aan die Klein Karoo... 'n gevoel in die lug wat tot jou siel spreek! Die Swartberge het my na my asem laat snak en met stille bewondering gelaat... wat 'n voorreg om daar te kon skiet!

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Dit is nie vir my moontlik om 'n spesifieke toneel uit te sonder

nie. Cybil se storie het elke oomblik en in elke toneel vir my iets beteken!

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Ek kon my met Cybil vereenselwig omdat ons dieselfde droom en dieselfde passie vir die gemeenskap deel, maar dit was my heel eerste vollengterolprent en ek wou Cybil se storie met my hart en siel vertel... en hopelik sal mense voel dat ek daarin geslaag het.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

'n Groot voorreg! Ek wou nog altyd saam met Regardt werk en, net soos wat drome in Klein Karoo waar word, het my droom 'n werklikheid geword. Hy het 'n wonderlike manier om met mense te werk en ek het dit ontsettend waardeer dat hy elke dag die moeite gedoen het om almal op stel te groot en hulle elke aand te bedank vir hulle harde werk. Dit het ons almal gemotiveer. Hy is 'n "mense mens", is altyd geduldig en bereid om raad te gee. Hy het ook ongelooflik baie kennis oor flieks wat hy graag met ander deel.

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Cybil se storie lê my na aan die hart, omdat ons dieselfde droom en dieselfde passies het. Dit was wonderlik om 'n karakter te speel wat 'n verskil wou maak en op die einde daarin geslaag het. En dit stop nie daar nie, omdat Kaapland Films in die werklike lewe ook 'n verskil gaan maak. Ek hoop met my hele hart dat dit die mense wat Klein Karoo gaan kom kyk, ook sal inspireer om by die projek betrokke te raak – dat hulle ook 'n verskil sal wil maak. Ek haal my hoed in bewondering af vir Kaapland Films, wie se heel eerste rolprent nie net onbeskryflik mooi is nie, maar mense ook sal inspireer.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Die wonderlike energie wat die hele projek uitgestraal het en hoe fantasties almal saam gewerk het om in so 'n kort tydjie so 'n wonderlike rolprent te maak! Die gelag en kuiers om die lang etenstafel in die aande as ons klaar geskiet het en die mooi uitsig oor die Swartberge as ek in die oggend my deur by Swartberg Manor ooggemaak het, sal my ook nog lank bybly.

Hoe was dit om teenoor Tim en Hykie te speel?

Tim en Hykie is albei ongelooflik talentvol en dit was net 'n plesier om saam met hulle te werk. Tim is nie net skreusnaaks nie, sy rou talent is ook onoortreflik. As akteur het hy alles ingesit dit was great om teenoor hom te speel, veral omdat ons karakters se storie enduit ontwikkel het. Hykie se toneelspel en talent spreek vanself. Ons storielyn was baie intens en ek moes 'n paar keer in hoogs emosionele tonele op hom staat maak om my emosie te ontsluit.

TIM THERON



Tim Theron is al sy lewe lank op die een of ander manier besig om mense te vermaak, of dit nou voor vriende en familie, op 'n verhoog of voor die kameras is. Tim het sy studies aan die destydse PUK (nou Noordwes-universiteit) voltooi, waar hy homself behoorlik

verdiep het in die universiteit se aktiewe uitvoerende kunstekultuur. Hy was betrokke by menige studenteverhoogproduksies, waar hy reeds op amateurvlak aan sy tegniek en talent geskaaf het.

Na sy studies het hy die korporatiewe mediawêreld betree, maar nadat hy betrokke geraak het by die improvisasiekomediegroep Lagnes, het hy besluit om die sprong te maak en hom voltyds in die kunstewêreld te begewe. Lagnes het van krag tot krag gegaan, met optredes by kunstefeeste soos Aardklop, KKNK, Jakaranda Nasionale Kunstefees, die Sitrus-fees, die Woordpoort-fees en die MOL-fees. Te danke aan 'n langtermynborgskap van die ATKV, het Lagnes in 2011 hulle buiging gemaak in hulle eerste reeks op kykNet.

In 2011 besluit Tim om op sy solo-loopbaan te fokus en is hy gelukkig genoeg om 'n rol los te slaan in die wegholsukses, die romantiese komedie Semi-Soet, asook die Afrikaanse dramareeks Vloeksteen.

In dieselfde jaar stig hy, Cobus van den Berg en Jorrie van der Walt die produksie maatskappy, Kaapland Films. Tim en die talentvolle teksskrywer Etienne Fourie het saam die draaiboek van Klein Karoo aangepak – Tim het die storie geskryf en Etienne die teks – wat deur Kaapland Films vervaardig word. Tim vertolk ook een van die hoofrolle in Klein Karoo.

Waar het julle aan die idee vir die Klein Karoo-storie gekom?

Klein Karoo is uiteindelik die samevoeging van verskillende idees waarmee ek, en later die span, vorendag gekom het en wat Etienne toe verfyn het. Ons wou 'n storie vertel wat mooi, snaaks en romanties is, maar wat ook 'n boodskap het. Iets wat mense trots kan maak om Suid-Afrikaners en om Afrikaans te wees, maar hulle ook herinner dat hulle deel van die verandering moet wees.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ons wou die film oorspronklik in Stellenbosch skiet, maar nadat ons almal 'n naweek in die Swartberge spandeer het, was ons so verlief op die omgewing en die mense dat ons net geweet het ons moet daar skiet! Julle sal sien waarom ek so sê..!



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Sjoe ... uhhmm, dis moeilik. Ek ken al die karakters asof hulle my bloedfamilie is en die storie is so naby aan my hart, dat dit moeilik is om iets uit te lig. Ek dink die heel eerste ontmoeting tussen Frans en Cybil, by die ou vulstasie, en ook Brian wat in die swembad inhardloop, is van my gunsteling.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Om Regardt te vertrou as hy sê 'n toneel wat ek gedoen het, was goed. Ek is nog maar baie onervare en 'n bietjie van 'n confidence player, en daarom het ek deurlopend terugvoer nodig om te bevestig dat my idee en vertolking van 'n toneel reg is. Omdat ek en Frans baie ooreenkomste het, kon ek baie van die karakter se manier van doen en dink uit my eie ervarings inkleur.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Hierdie rol was nie net my eerste hoofrol in 'n film nie, maar ook die eerste een wat ek help skryf het en saam met Cobus en Jorrie vervaardig het. 'n Klomp eerstes! En daarom was dit vir ons baie belangrik om 'n ervare persoon te hê, iemand wat ek kon vertrou met die storie. Dit was nie net 'n voorreg om saam met so 'n legende te kon werk nie, maar het ook die ervaring om Klein Karoo te skiet, soveel kosbaarder gemaak.

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Dit was van die begin af vir ons ononderhandelbaar. Ons wou nie net nog 'n rolprent met mooi mense en mooi stories maak nie. Al is dit in alle opsigte 'n kommersiële film, wou ons die film so 'n bietjie van 'n gewete gee. Ons almal glo dat stories, selfs 'n eenvoudige storie soos hierdie een, mense kan inspireer om beter te wees en om betekenisvolle lewens te leef.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Die kyk op Jaco Smit, ons ADse gesig elke keer as Donnalee met die kar op my moet afjaag, en veral toe ons altwee hom gevra het of sy nie 'n bietjie nader aan my moet wees voor sy uitswaai nie. Gepraat daarvan, Donnalee se bestuursvernuf was nogal iets om te beleef...

Hoe was dit om teenoor Donnalee te speel?

Ek kon nie vir 'n beter leading lady gevra het nie. Ons het nie net baie goeie vriende geword nie, maar haar passie om in elke toneel nog beter te wees as in die vorige een en die diepte van haar toneelspel, het my voortdurend geïnspireer om beter te wil wees, om harder te werk en meer vrae te vra.

Wat het jy die meeste geniet terwyl julle Klein Karoo gemaak het?

Die manier waarop mense in hierdie bedryf saamwerk, was 'n fantastiese belewenis. Elke film wat in hierdie stadium gemaak word, is so 'n bietjie van 'n wonderwerk, en dis asof almal dit besef en daarom ekstra hard werk om die projek suksesvol te maak. Die kreatiwiteit wat veral die tegniese span aan die dag moes lê om 'n rolprent van gehalte te vervaardig met die klein begroting, klein spanne en basiese toerusting tot hulle beskikking, het weereens bewys dat ons mense van wêreldgehalte het.

Wat was die moeilikste deel toe julle Klein Karoo vervaardig het?

Vir my was dit definitief die tyd op die stel. Ek het die hele tyd geglo dat ons al die geld sou kry wat ons nodig het en die regte span mense om aan die projek te werk. My spanningsvlakke het veral tydens verfilming die hoogte ingeskiet toe ek die verskillende rolle moes begin juggle. Dit was moeilik om af te skakel en net op my toneelspel te fokus terwyl ek as vervaardiger bewus was van ander probleme wat ook opgelos moes word. Ek het geleer om regtig vir Cobus en Jorrie te vertrou.




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Watter uitdagings het die vervaardigingsproses gebied?

Omdat dit ons almal se heel eerste vollengtefilm was, was die uitdaging eintlik net om konstant bereid te wees om te leer, en ek dink ons almal verdien 'n pluimpie: Ons het die healtyd vriende en kennisse gebel vir raad en idees en niemand was ooit te trots om te sê, "ek weet nie".

Waarom dink jy sal gehore van Klein Karoo hou?

Dis 'n storie wat vanweë sy eenvoud by amper almal aanklank sal vind. Ons karakters is eg – dis regte mense, mense wat jy ken en al ontmoet het. Maar die karakters in Klein Karoo is nie die "jammerlike, agterlike, niks gewoonde" Afrikaanse karakters wat ons so dikwels sien nie. Hulle is trots op wie hulle is, modern, en hulle hoef vir niemand terug te staan nie. Ons verras ook met 'n paar van die snaaksste, mees interessante karakters wat jy nog op die groot doek gesien het.

Die film gaan jou ook inspireer om regtig 'n verskil te wil maak!

HYKIE BERG



Hykie Berg het Suid-Afrikaanse gehore se aandag die eerste keer getrek as die kontroversiële karakter, Darius du Buisson, in die immergewilde sepie Egoli: Plek van Goud. Alhoewel Hykie al 'n verskeidenheid karakters vertolk het, het gehore in 2011 die kans gekry om sy ware karakter te sien op M-Net se hoogs mededingende realiteitskompetisie, Survivor SA: Maldives, waarvan hy ook die wenner was.

Hykie Berg het Suid-Afrikaanse gehore se aandag die eerste keer getrek as die kontroversiële karakter, Darius du Buisson, in die immergewilde sepie Egoli: Plek van Goud. Alhoewel Hykie al 'n verskeidenheid karakters vertolk het, het gehore in 2011 die kans gekry om sy ware karakter te sien op M-Net se hoogs mededingende realiteitskompetisie, Survivor SA: Maldives, waarvan hy ook die wenner was.

Hykie het sy talente al in verskeie teater-, rolprent- en TV-produksies ten toon gestel, byvoorbeeld die dramareekse The Res en Plek van die Vleisvreters, die gewilde sepies Egoli en Binneland, en die bekroonde film Ouma se Slim Kind. Hy het ook twee Apollo-filmtoekennings, 'n KKNK-Kanna en 'n FAK-toekenning gewen.

En binnekort maak Hykie weereens in 'n paar produksies, insluitend Klein Karoo, sy buiging op die silwerdoek. Hy is ook tans die besturende direkteur van die "Attooh!" True Wealth Academy, en 'n ambassadeur vir Honda Suid-Afrika en PSARU – People Search and Rescue Unit.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Die storie spreek boekdele oor die teenstrydighede van komplekse, materialistiese dinge en die eenvoud van die liefde. En soos ons weet, sal die liefde altyd seëvier. Ek dink baie mense verloor hulself in hul soeke na skatte wat in die ewigheid sal vergaan. Cybil vind byvoorbeeld haar saligheid in haar droom om werklik onselfsugtige liefde te betoon. Sy wys dit deur middel van haar onwrikbare liefde vir kinders. In hierdie rolprent is die kinders en die bewusmaking van hul probleme belangrik en behoort juis dit mense aan te spoor om meer betrokke in hulle gemeenskappe te raak. Liefde, geluk, wanhoop en gelukkige oomblikke is wat die storie vir my uitlig. En natuurlik die feit dat ek weer 'n karakter vol interessante dinge en streke kon speel.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Daar is geen ander plek in die wêreld waar die hemel en aarde so pragtig by mekaar uitkom nie. Dis een van die saligste en vreedzaamste plekke in die wêreld. Ek dink ek was tydens verfilming terselfdertyd op soek na 'n plasie van my eie in die Swartberge en die idee van 'n idilliese aftrede daar het vreeslik aanloklik gelyk. Die hange van die Swartberge laat jou met niks minder as oopmondbewondering vir die wonderwerke van God nie. Ek het nog nie op 'n mooier plek as die Swartberge 'n film geskiet nie.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Die toneel waar ek en Cybil om die eetkamer tafel sit en aandete eet. Dit staan vir my uit, omdat 'n mens hier werklik die wêreld en sy obsessie met geld kan uitbeeld. In die toneel kon 'n mens mooi beplan waar die karakter sy verwaandheid ten toon moet stel en wanneer dit met iets soos valse nederigheid toegesmeer moet word.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Elke rol het sy eie unieke uitdagings. Ek dink dis altyd vir my 'n vreesaanjaende ding om op jou geloof staat te maak, sodat die oomblik jou kan lei. Soms as ek geen idee het wat in die toneel gaan gebeur nie, improviseer ek redelik baie. "It's about taking that leap of faith, and just do it!" Jy moet jouself in 'n rol kan vertrou; as jy twyfel, is die gehoor saam met jou verward.

Hoe was dit om saam met die ervare Regardt van den Bergh te werk?

Al wat ek kan sê is: "Wat 'n masjien!" Dis wonderlik om te sien hoe hy elkeen op stel op hul eie manier hanteer. Die respek wat hy teenoor almal betoon, selfs die minder belangrike mense op stel, is werklik merkwaardig. Hy is vreugdevol, opgewek en propvol liefde. Hy abba sy span en kunstenaars met 'n breë glimlag en teen sonder spreek dit wat deur die dag bereik is, altyd vanself.

Goeie menseverhoudinge lewer 'n groot bydrae om so 'n groot projek suksesvol te maak. Regardt is in alle opsigte 'n dienende leier en dit maak 'n groot verskil. Almal voel deel van die span en hy dra ook almal se belange op die hart. Mense wat dink dat hulle bo ander verhewe is, kom gou agter dat die wêreld nie meer outokratiese, verwaande diktators duld nie. Daarom was dit 'n groot voorreg om saam met Regardt te werk, wat altyd nederig is en wie se geloof in ons Vader ons rolprent laat uitstyg het!

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra?

Is ons nie almal geskape om ander mense te dien nie? Dit is tog hoe ons God dien. Min mense is bereid om hul hande vuil te maak en werklike onselfsugtige liefde aan ander te betoon. Die kruks van Christelike liefde is "liefde wat opoffer" en ek dink dis presies wat Cybil gedoen het. Sy het die materialistiese wêreld prysgegee om haar geestelike plig te doen. Die hart van die Klein Karoo-storie gaan in werklikheid oor dit wat God van ons verwag: Om ons eie behoeftes laer te ag as ander mense s'n en om ons eie belange prys te gee vir die groter doel waarvoor God ons geskape het. Wanneer ons dit doen, besef ons dat ons tog alles in die lewe kry wat ons werklik begeer.

Wat sal jy nooit vergeet van jou tyd op die Klein Karoo-stel nie?

Dat ek vir iemand op stel, 'n redelike goeie vriendin van my, Rick Warren se boek, The Purpose Driven Life, geleen het en dat sy vir 'n skrale moment uiting aan haar trane gegee het, en vir 'n oomblik besef het dat God die enigste ware celebrity is.

Hoe was dit om teenoor DonnaLee te speel?

Dit was vir my baie lekker. Ek het respek vir haar, want ek weet ek is nie die maklikste ou in die wêreld om mee saam te werk nie – veral omdat ek so baie van die teks afwyk. Sy is mooi, lewenslustig en het alles wat nodig is om dit waarvoor sy op die aarde geplaas is, te word.




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



ANEL ALEXANDER



Anel Alexander is seker die bekendste vir haar rolle in twee van Suid-Afrika se gewildste sepies, en natuurlik vir haar rol as Jaci in die uiters suksesvolle rolprent, Semi-Soet. In 7de Laan het sy die kykers se harte verower as die skaam Liesl, en daarna het sy

haar veelsydigheid gewys as die dwelmverslaafde Nina in M-Net se Binnelanders.

Anel se professionele loopbaan het afgeskop terwyl sy drama aan die Universiteit van Pretoria gestudeer het. In hierdie tyd het sy in die Staatsteater in Pretoria in die musiekblyspel The Witness en Jesu – An African Portrait opgetree, en kragte saamgesnoer met die teaterlegende, Nicholas Ellenbogen, in die KKNK-stuk, The Calitzdorp Passion. In 2002 slaag sy haar graad met lof en word dadelik deur een van Suid-Afrika se topagente in die vermaaklikheidsbedryf opgeraap.

Sedertdien was sy voor die kameras in bekende televisiereekse soos 7de Laan, Binnelanders, The Mating Game, Zero Tolerance 3, Amalia 2, City Ses'la, Hillside en Rhythm City, asook die gewilde kykNet-reeks, Getroud met Rugby.

Anel se groot passie is egter rolprentwerk en sy en haar man, James Alexander, se maatskappy Scramble Productions, het die plaaslike onafhanklike rolprent, Discreet, vervaardig. Sy het nie net fondse bekom en die rolprent vervaardig en bemark nie, maar ook die hoofrol daarin gespeel. Discreet is in November 2008 plaaslik vrygestel en is deur die resensente as 'n triomf vir die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf beskryf. Die rolprent is ook in 2011 internasionaal deur Green Apple Entertainment vrygestel.

Scramble Productions het ook Semi-Soet vervaardig, tot dusver een van die suksesvolste films in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Die feit dat Kaapland Films my betaal het! Ek is self 'n rolprentmaker en dis wonderlik om deel te wees van die groeiende plaaslike filmbedryf. Klein

Karoo is nog 'n nuwe genre in die plaaslike rolprentlandskap.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ek is totaal en al verlief op die Swartberge. As ek kon, sou ek sommer môre soontoe trek! Dis rêrig 'n baie spesiale, diverse plek.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Ons het baie pret gehad terwyl ons die tonele met die motors geskiet het. Daar was so 'n reusagtige ou kar (dalk 'n Chrysler?) op stel en in 'n stadium is amper die hele cast in die motor ingebondel.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Die grootste uitdaging van Suid-Afrikaanse produksies is gewoonlik dat daar te min tyd is, wat beteken 'n mens kry net een of twee probeerslae per toneel. Dit maak dit byna onmoontlik om met 'n karakter te eksperimenteer of kanse te vat, want daar's nie rêrig tyd daarvoor nie.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Regardt het hierdie wonderlike energie op stel. Hy's rêrig 'n vriendelike en sagsinnige mens en lekker om mee saam te werk.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Ek het nog altyd in die mag van die media geglo, of dit nou films, TV, teater, of radio is. Media is so 'n kragtige instrument om die wêreld mee te bereik en om 'n verskil mee te maak. Dit is dus wonderlik om deel te wees van 'n projek wat presies dit doen.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ons was so 'n lekker groep mense bymekaar en die feit dat ons buite-opnames geskiet het, dra altyd by tot 'n wonderlike spangees.

Hoe was dit om teenoor Pierre te speel?

Pierre het eintlik op 'n vreeslike dramatiese wyse by die Klein Karoo-span aangesluit. Nadat hy gehoor het dat hy die rol gekry het, het hy een dag gehad voordat hy Swartberge toe moes vlieg en hy het letterlik 'n paar ure later as Karel Kiempe op die stel gestap. En ek kan nie aan 'n beter akteur vir daardie rol dink nie. Pierre is 'n uitstekende akteur en dis altyd 'n plesier om saam met 'n professionele persoon te werk.

PIERRE BREYTENBACH



Pierre het sy BA Drama-grad in 1998 aan Tukkies verwerf, waarna hy toe kop eerste by die diepkant ingegooi is en dadelik in musiekblyspele en komedies opgetree het. Sedertdien het hy al die verhoog met groot name gedeel: Frank Opperman,

Gys de Villiers, PG du Plessis, Deon Opperman, Sandra Prinsloo, Tobie Cronjé en Harry Kalmer – om maar net 'n paar te noem.

Hy was die afgelope dekade baie besig en was onder andere op die televisie in programme soos Die Casper Rasper Show, Spekskieters, en elke denkbare sepie in die land te sien. Hy was ook onlangs in kykNet se improvisasiekomedie, Proesstraat. Maar Pierre is nie net 'n grapjas nie. Hy het al 'n klompie ernstige vertolkings vir TV en die silwerdoek gedoen, en is ook die laaste vier jaar 'n veldaanbieder by 50/50 – wanneer sy vrou en drie kinders hom nie te hard by die huis laat werk nie ...

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Dit was 'n laaste minuut besigheid. Maar definitief 'n bestiering.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Dit is seker een van die mooiste plekke in ons land. Iemand het my nou die dag gevra, “hoekom gaan almal so knaend aan oor die Klein Karoo?”, toe antwoord ek dat hy 'n paar dae aan die voet van die Swartberge moet deurbring, want dan sal hy sy eie vraag kan beantwoord. Die stilte, skoonheid, kleure en mense is absoluut uniek en onvergelykbaar.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Om die Chrysler New Yorker te bestuur! In my hart is ek eintlik nog steeds 'n seuntjie en daardie mousterkar het my hartjie warm laat klop.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Op die een vlak was dit 'n groot uitdaging om die karakter te speel wat komiese verligting bied sonder om 'n karikatuur van hom te maak; op 'n ander vlak was dit moeilik om by die stel op te daag terwyl iemand anders vir die rol verwag is. Om iemand anders se skoene te probeer volstaan, daardie




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



verwachting te eer, en steeds jou eie kreatiwiteit vrye teuels te gee, was 'n besondere uitdaging.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Ek en Regardt het mekaar nog nie voorheen ontmoet nie en ek het geen idee gehad wat om te verwag nie. Uiteraard was ek effens senuagtig. Boonop moes ek binne 15 minute na ons eerste ontmoeting myself op stel voor die kameras en crew bewys... en natuurlik ook voor die "groot naam" in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf! Wat 'n absolute plesier! Dit gebeur min dat 'n mens so 'n groot regisseur met soveel warm menslikheid en opregtheid ontmoet. En wat 'n vreugde om onder sy leiding te werk!

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Tydens die verfilming het ons baie hieroor gesels en soms het dit in vurige debatte ontaard, maar ons was dit almal eens dat niemand van hierdie verantwoordelikheid kan, wil of mag wegstroom nie. Soos soveel ander plekke in ons land is dit baie belangrik dat elkeen van ons 'n verskil maak, dinge beter agterlaat as wat ons dit gekry het en iets van onself opoffer. Ek kan nie aan 'n beter plek dink as juis die Klein Karoo, waar ons so 'n warm ontvangs gehad het nie.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Die eensgesindheid onder die hele span. Dat almal, ten spyte van persoonlikheidsverskille, so hard kon saamwerk, saam kuier, en saam dankbaar wees vir elke klein seëning wat ons beleef het.

Hoe was dit om teenoor Anel te speel?

In die eerste plek is die vrou beeldskoon, tweedens het sy 'n onredelike hoeveelheid talent, en derdens is sy 'n uiters professionele en onselfsugtige akteur. Dit was 'n

onvergeetlike, lekkerlag-ervaring en 'n groot eer om saam met haar te werk!

SISANDA HENNA



Sisanda Henna is 'n Suid-Afrikaanse akteur, skrywer, aanbieder, vervaardiger, regisseur, finansiële beplanner en vermaaklikheidsentrepreneur, wat bekendheid verwerf het toe hy van 2003 tot 2006 die rol van Andile in die SABC1-dramareeks, Tsha Tsha, vertolk het. In 2003

wen hy dan ook 'n Duku Duku-toekenning as die beste akteur in 'n televisiedrama vir sy toneelspel.

Hy vertolk ook die rol van Kenny Mogolwa in die mediese dramareeks op SABC2, Hillside, en het as gasspeler in verskeie televisiereekse soos ER, City Ses'la, Scandal! en Soul City opgetree. Van 2006 tot 2007 het hy die sakeprogram Vuk'zenzele aangebied en in 2008 as gasheer van 'n verjaarsdagoptrede vir Shoprite.

Hy het in die kortfilms Small Street (2003) en Rifle Road (2005) gespeel, asook in die vollengteprent Blood Hunt (2003) en die televisierolprent Einmal so wie ich will (2004).

In 2008 was hy die stem in die videospeletjie, Far Cry 2, en in 2012 die gasheer van die vyfde seisoen van die SABC1-werklikheidsprogram, All You Need is Love.

Hoe het jy by die Klein Karoo-storie betrokke geraak?

Ek het die Klein Karoo 'n baie interessante plek gevind en dit was ook nog die verste wat ek vir 'n oudisie gereis het. Min het ek geweet dat dit een van die beste ervarings van my lewe sal wees. Jorrie het my persoonlik genader om vir 'n oudisie



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



te kom, nadat gemeenskaplike vriende – vervaardigers Helena en Pierre Smith, vir wie hy 'n musiekvideo gemaak het – ons 'n paar maande tevore aan mekaar voorgestel het. Die eerste fase van die projek was redelik uitdagend, omdat ek 'n Afrikaanse draaiboek moes lees en dit nie juis iets was waaraan ek gewoond was nie. Danksy 'n akteursvriend van my, Merlin Balie, wat my met my voorbereiding vir die oudisie gehelp het, het die oudisie goed afgeloop. Ek was egter benoud toe ek gehoor het dat Regardt nie die oudisie kan bywoon nie, want nadat ons saam aan Pitches gewerk het, ken ons mekaar redelik goed. Wat 'n verligting toe ek die oproep ontvang dat ek die rol losgeslaan het. Maar ek het geen idee gehad wat vir my voorlê nie!

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Swartberg Manor, die berge, die mense en die omgewing – ai, wat 'n plek! Die personeel van Swartberg Manor was vreeslik gasvry, die wyn was ongelooflik en om die berge daaglik te sien, het my siel verkwik. Omdat ons op dieselfde plek geskiet en tuisgegaan het, het ons meer tyd gehad om saam te kuier en dit was heerlik ontspannend.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord. Die snaakste toneel was seker toe Bouwer in die swembad duik, want Bouwer B, superster, doen mos sy eie waagtoertjies. Ek kan nie wag om die rolprent te sien nie!

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Ek kon nie wag om saam met Regardt te werk nie – hy is 'n genie en meesterrolprentmaker. Hy is ook een van die min mense wat ek as kunstenaar en persoon bewonder. Die man is voorwaar 'n rolmodel – baie nederig, lewenslustig en optimisties, wat die stel in 'n unieke, lighartige omgewing omskep het. Dit was bevrydend dat hy my vertrou het hoewel hy ook uitstekende leiding as regisseur gee. Hy begeester almal op die stel en help mense om hulle talent ten volle te ontgin.

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Dit gebeur selde dat 'n rolprent 'n dubbele funksie het en hierdie baanbrekerselement van Klein Karoo, om 'n werklike projek en dokumentêr aan te pak om 'n verskil in die lewens van die mense van die Swartberge te maak, was besielend. Hulle het ook die weg gebaan vir soortgelyke, toekomstige projekte.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ek en Tim het die opeenvolgende gevegstonele nageboots terwyl ons aksiebelaaide komiese tonele uitgedink en geïmproviseer het. Ons het gemaak asof ons polisiemakers is wat die slegte ouens vang, ons het aksente nagemaak - van Russiese mafia-aksente tot Nigeriese dwelmhandelaars - en baie pret gehad.

Hoe was dit om 'n span, wat uit Tim, Bouwer en Leandie bestaan het, se "leier" te wees?

Wow! Om Leandie, Bouwer en die Groot T te lei, het my lewe verander. Wat 'n wonderlike tyd. Ons het mekaar so goed leer ken dat ons na dese so te sê familie is. Hulle het my deur 'n moeilike persoonlike tyd gehelp, maar ten spyte daarvan het ons baie gelag. Ons het om die waarheid te sê verskriklik baie gelag, veral omdat Bouwer so 'n snaakse ou is. En ek en Leandie is soos broer en suster, al is daar 'n effense pigmentasieverskil.




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarooilm.co.za



HELÉNE TRUTER



Heléne Truter is moontlik die bekendste by Suid-Afrikaanse gehore vir die geliefde rol van Tannie Poppie in die komediereeks, Vetkoekpaleis. Die reeks was egter nie die begin, of die einde, van Heléne se invloed op en betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse vermaaklik-

heidsbedryf nie.

As aktrise was sy al in verskeie TV- en teaterproduksies te sien, soos Homeland, Amalia 1 en 2, Binneland, Erfsondes, Home Affairs en Vloeksteen. Heléne is ook een van Suid-Afrika se mees bekwame draaiboekskrywers en was betrokke by, en soms ook aan die stuur van, die skryfspanne verantwoordelik vir Egoli, Generations, Hart van Staal, Erfsondes, Gabriel en Binnelanders.

Heléne het haar egter ook as regisseur bekwaam en het die regie in reekse soos Gabriel, Binnelanders, Deeltiteldames, asook die teaterproduksie Hotel Hel en Goeie Giel! behartig. En sy het sopas die tweede reeks van die komedie, PARYS PARYS, klaar geskryf.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Ek is 'n sucker vir 'n romantiese komedie.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ek bly in Hermanus en die natuurskoon van daar tot in die Swartberge is pragtig. Ek het nooit besef die Klein Karoo kan so groen wees nie. Elke oggend wanneer ek by my kamervenster uitgekyk het, was ek omring deur groen weivelde, berge en wit skapies. Poskaartmooi.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Ek het al my tonele geniet, maar as ek moet kies, was die toneel in die motor groot pret.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Die toneel waar Hermientjie haar gat af lag vir Pierre se karakter. Na die tiende probeerslag was my maagspiere gedaan.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Dit is pure plesier om saam met Regardt te werk. Hy respekteer die akteurs en hy is baie ontspanne op stel. Jy voel veilig in sy hande.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Dit was een van die mooiste buitestelle waar ek nog ooit geskiet het. Een van die crew het per ongeluk 'n skaap doodgery. Die skaap is daar en dan geslag en verkoop om die boer se koste te dek. Ek wonder wat sal gebeur as jy in 'n taxi vasry?

Hoe was dit om teenoor Anel en Pierre te speel?

Anel is 'n absolute pro en 'n fantastiese aktrise en mens. Pierre is 'n maverick, maar het ten spyte van sy lawwigheid (waaroor ek mal is) 'n wonderlike en egte karakter geskep. Hy is 'n baie snaakse klomp.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarooofilm.co.za



LEANDIE DU RANDT



Leandie du Randt het in 2009 haar B.Com Bedryfsielkundegraad cum laude behaal en in 2010 haar honneurs in Bedryfsielkunde. Die toneelgogga het haar egter kort daarna gebyt. Leandie het in haar eerste jaar op universiteit aan 'n skoonheidskompetisie

deelgeneem en is as Mej. Persoonlikheid aangewys. Haar prys was 'n dramakursus wat deur Brumilda van Rensburg aangebied is.

Sy het haar hand ook gewaag aan modevertonings wat sy saam met bekendes soos Christina Storm gedoen het, asook musiekvideos vir kunstenaars soos Nicholis Louw, Snotkop en Albert de Wet. En toe slaan sy die rol van Mieke in kykNet se reeks, Getroud met Rugby, los.

Leandie maak haar debuut op die silwerdoek as Peggy in Franz Marx se Egoli – Die Movie en speel later Melanie in Susanna van Biljon. Sy het ook al 'n draai gemaak op reekse soos Egoli en Isidingo, en speel in die studentefilm, Henley on Klip.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Die rolprent Klein Karoo het 'n snaakse storie waarby ek aanklank kon vind. Romantiese komedies word nog nie regtig in Suid-Afrika gedoen nie en ek wou graag deel wees van een van die bestes.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Dit was verskriklik lekker om in die Swartberge te skiet. Om daar tuis te gaan, het ons gehelp om die vibe van die

omgewing te voel en ons in die storie in te leef. As jy weg is van die gejaag en lawaai van die stad, word jy letterlik teruggebring aarde toe en kom jy weer in aanraking met jou innerlike, en besef jy wat werklik belangrik is in die lewe.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

My gunsteling was die heel laaste toneel van die fliek waar Bouwer sy beste acting nog gedoen het (in die kombuis). Hy was skreeusnaaks en na my mening het almal betrokke by die toneel 'n kans gekry om hulle karakters ten volle uit te leef. Nog 'n toneel waarvoor ek mal was, was toe ek uit die swembad moes val. Ek het besef hoe baie ek van waagtoertjies hou en daarom sal ek graag eendag in 'n aksiebelaaide komedie wil speel.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

My karakter Jackie sê nie baie nie. Dit was dus 'n groot uitdaging om tydens tonele aktief besig te bly en om te luister sonder om te praat. Jy moet nog steeds jou karakter laat lewe sonder om iets te sê.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Regardt was en is fantasties. Hy laat 'n mens toe om skeppend te wees en insette te lewer. Hy sien 'n akteur as 'n individu raak en help jou om jou karakter daarvolgens te skep en skaaf.

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Ek dink om toneel te speel moet presies dit wees – 'n mens moet ander daardeur help en inspireer en nie net geld probeer maak met bubblegum scripts en storielyne nie. As iemand na die fliek kyk en met 'n karakter kan identifiseer of insig kry oor hoe om 'n situasie in sy of haar eie lewe te hanteer, of geïnspireer word om ander te help, is jy mos besig om 'n verskil te maak.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ek sal nooit die ongelooflike lag- en wysnessies saans met almal op stel vergeet nie. Ek het vriende vir die res van my lewe gemaak en ontsettend baie by almal geleer. Die beste oomblik was by verre toe Bouwer in die swembad ingehardloop het. Dit was briljant!

Hoe was dit om teenoor Bouwer te speel?

Ai, my lieve vriend Bouwer. Ek het so 'n hegte band met hom gevorm dat ons vandag nog dik vrinne is. Die verfilming van Klein Karoo het meegebring dat ek 'n vriend ryker is. Bouwer is 'n ongelooflike energieke en aansteeklike komediant. Hy dwing 'n mens om onselfsugtig en 'n beter akteur te wees. Hy leer 'n mens om die lewe en musiek te geniet en liefde en deernis vir ander mense te hê. En hy het my geleer wat dit beteken om 'n unieke mens te wees en hoe om uit jou maag uit te lag, want glo my, die man laat jou lê van die lag.

BOUWER BOSCH



Bouwer Bosch is reeds baie bekend in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidswêreld, veral as die hoofsanger van die SAMA-genomineerde groep Straatligkinders, en die duetgroep Dans Dans Lisa. Bouwer beskryf homself as 'n kuberruim-fundi, entrepreneur, sukkelende

akteur en innoveerder. Bouwer se Youtube-kanaal is tans een van die honderd Suid-Afrikaanse kanale wat die meeste besoek word (in posisie #54).

Bouwer is ook deel van 'n produksie maatskappy, Amateur Films, wat in musiekvideos spesialiseer en tans met 'n ontsaglike goeie rekord spog ten opsigte van lugtyd op kanale

soos MK en ook kykNet se Jukebox. Bouwer het onlangs sy eerste solo-album vrygestel, getiteld Almal maak route, waarvan die eerste snit, Vertel My, binne enkele dae op die MK Top Tien was, met meer as 10 000 trefslae op Youtube.

Bouwer voel dat sy planne 100% op dreef is om eendag die wêreld oor te neem...

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Ek het nog altyd van romantiese komedies gehou en het 'n sagte plekkie vir die underdog of onderdruktes. En vind dus die storie, waar die underdog aan die einde die mooi meisie kry, baie aanloklik. Seker omdat ek nooit die mooi meisie aan die einde kry nie!

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Dit was die mooiste twee weke van my lewe en ek sal enige tyd weer daar gaan werk.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Ek het baie van die toneel gehou waar ek in die swembad inhardloop. Dit was totaal en al onverwags en het lekker komiese verligting gebring, juis toe die storie baie ernstig geraak het.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Om te probeer verstaan wat presies Tim en Regardt in gedagte gehad het vir die karakter. Met die vertolking van komiese rolle is dit ook 'n uitdaging om nie jou gunsteling komiese karakters in ander films na te aap nie.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Dit was 'n ongelooflike groot voorreg. Hy weet hoe om 'n storie met die mooiste skote te vertel en het my ook gelei om in elke toneel waarin Brian was, die beste "Brian" te wees.



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Ek dink dis 'n wonderlike konsep. Ek glo nog altyd dat die kunste 'n groter invloed as die kerk het en deur 'n storie te vertel, hetsy deur musiek of film, kan 'n mens 'n groter impak in 'n gemeenskap maak.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ek sal nooit vir Jaco Smit, die AD, vergeet nie. Hy het alles en almal in die holte van sy hand gehou en seker gemaak dat daar orde onder die klomp kunstige siele is. Hy was die hoofseun op stel en het beslis 'n groot bydrae tot die sukses van die film gelewer.

ILSE OPPELT



Ilse Oppelt is 'n aktrise, dramaturg, regisseur en drama-opvoeder wat al haar stem laat hoor het in die meeste van die toneelspelgenres. Die mees nimlike hiervan was haar rol as Katrien ("ou Tjop se vrou") in die sitkom Fishy Fêshuns. Sy't ook gesig gewys in die

Schuster-flik Oh Shucks, I'm Gatvol, as die aggressiewe Rose van Mitchell's Plane. Maar, haar eerste liefde bly die teater. Haar verhoog-repertoire sluit in produksies soos Die Joseph en Mary Affair (waarvan sy ook konseptualiseerder en medeskrywer was), Angels Everywhere (ook medeskrywer), Suip, Doubt (wat vir haar 'n Fleur du Cap- en Naledi-benoeming vir verwerf het vir Best Supporting Actress) en Die

Proponentjie (waarvoor sy 'n Kanna-en KykNet Fiësta-benoeming ontvang het vir Beste Aktrise).

Sy is tans besig om haar dramaskool op die been te bring in die Suid-Kaap. The Acting Factory/ Die Toneelfabriek werk meestal (maar nie eksklusief nie) onder die jeug, en fokus op klassieke dog praktiese teater tegnieke. Deur middel van die bestudering en aanleer van sekere toneelspelstyle, word by implikasie ook sekere onontbeerlike lewensvaardighede aangeleer. Sy't dit begin omdat sy voel Teater se inherente funksionaliteit as 'n oorlewingsmeganisme het verlore geraak agter die rookskerm van 'fame' en 'entertainment' - so dis tyd dat ons die saak regstel!

Haar gunstelingrol tot dusver: Die een as moeder van 'n 7-jarige snip, Rebecca, die dramaprinses.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Met my eerste kennismaking met die rolprentspan was daar reeds 'n ander aanslag, 'n aweregse sin vir humor en 'n warmte, wat my opgeval en vasgevang het. Baie Afrikaanse en Suid-Afrikaanse rolprente kan so steriel, klinies en onbetrokke wees. Ek het net gehoop dat die vibe nie in die draaiboek en op die ou end in die prent self verlore sal gaan nie – maar ek het niks gehad om my oor te bekommer nie!

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ek het in die Kalahari-woestyn grootgeword en is 'n plattelander in murg en been. So, die hele ervaring was vir my baie nostalgies en romanties, en op 'n baie melodramatiese vlak, 'n bietjie soos om tuis te kom en om weer herinner te word aan waar my wortels lê. Swartberg Manor is soos 'n weelderige oase in die wrede realiteit van die Karoo – 'n wonderlike ontvlugting.

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

Die toneel waar ek en Donna (Cybil en Mev. Bruinders) tee



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



drink en sokker kyk, met die volstruise agter ons. Ek het toe besef dat ek nog nooit regtig 'n ernstige toneel voor 'n rolprentkamera gedoen het nie, maar nog altyd net komiese tonele. Die meeste ernstige rolle wat ek al vertolk het, was op die verhoog, nog nooit met 'n kamera in my gesig wat elke wang- en oogspierbeweging optel en vergroot nie. Ek het 'n bietjie paniekerig geraak en toe natuurlik ge-overact! Maar Regardt het my heeltemal gemaklik en veilig laat voel en ek het besef dat ek hom moet toelaat om my te lei (soos wat dit veronderstel is om te werk!). En toe gebeur daar iets wat ek nog nie voor 'n rolprentkamera ervaar het nie, daardie egotistiese (nee, narsissistiese ding) waaraan veral rolprentakteurs verslaaf raak: Ek het my totaal en al in die wêreld van my karakter en die storie verloor, in myself geglo en my gate uit geniet.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

My karakter speel 'n klein rolletjie, maar is tog onontbeerlik vir die verloop van die storie, dus was daar nie juis baie vleis om die been waarmee ek kon werk nie. Daar is ook aan die teks gesny en verander en kon ek nie heeltemal so deeglik voorberei soos wat ek graag wou nie. Ek was derhalwe 'n bietjie bang dat ek nie dit wat van my verwag word, sal kan gee nie. Maar niemand het gekla nie, so ek neem aan hulle was gelukkig met my spel.

Wat my eintlik meer bekommer het, was dat ek volgens die skedule net die laaste drie dae op stel sou wees. Met my vorige rolprent ek ook eers aan die einde op stel gekom en dit was 'n nagmerrie! Maar hierdie keer het ek my verniet bekommer. Hoewel almal al 'n bietjie fliekvoos was toe ek opgedaag het, het hulle professionaliteit my oneindig beïndruk.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

'n Absolute eer en plesier. 'n Mens weet darem maar net wanneer jy met die real deal te make het. Ek hoop ons kan in die toekoms weer saamwerk.

Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

Ek was nog altyd van mening dat daar kontinuïteit moet wees tussen al die verskillende visies wat die finale produk moontlik maak. Of dit nou die hoofkarakter, die regisseur, die vervaardiger, die kameraman, die teedame, die kantoorassistent of die garderobemeester se visie is – almal moet op dieselfde golflengte wees. Met Klein Karoo was dit regtig verfrissend om te sien dat 'n produksie maatskappy hulle regtig verbind tot die boodskap van die rolprent en dit reeds met die maak van die rolprent in die praktyk toegepas het.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Die feit dat ek te alle tye net met warmte en die grootste respek behandel is. Wat vir my baie interessant was, is dat ek en Regardt soggens van die Manor na die plaasskool gery en deur dieselfde venster na presies dieselfde landskap gekyk het. En wanneer ek na die dorre Karoo-vlaktes gekyk het, het ek net bossies gesien (en as 'n kind van die Kalahari het ek my altyd verbeel my oë is fynere as meeste stadsjapies s'n), terwyl Regardt elke tien sekondes uitroep: "O, daar's 'n neutmuskaatklipspringer! En daar's 'n kruiebosmuishond! Kyk hoe kamoefleer daardie drie kameelperde hulle tussen daardie drie Karoo-takkies!" Regardt het nie net bossies en vlaktes wat verby vlieg gesien nie, maar die fynste besonderhede opgemerk. Nou vra ek met trane in my chocolate-bruin oë: Hoe kamoefleer drie kameelperde hulle op 'n Karoovlakte?



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



AMALIA UYS



Amalia Uys het al op 'n vroeë ouderdom haar droom om mense te vermaak, begin ultiel. Gedurende haar skooljare het sy jaarliks aan die Pretoria Eisteddfod deelgeneem en in verskeie skoolverhoogstukke opgetree.

Aan die einde van haar matriekjaar het Amalia haar opleiding by die Royal Academy of Dancing tot op Graad 8 voltooi en haar drama-opleiding tot op senior vlak 5 by die Speech and Drama Guild. Sy het beide hierdie kwalifikasies met lof verwerf.

In 2003 skryf sy in vir 'n BA-graad in Drama aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat Amalia in verskeie teaterproduksies verskyn het, kry sy die rol van Sunshine in die SABC2 komedie reeks, Gabriel, waar sy teenoor gesoute akteurs soos Marcel van Heerden, Tobie Cronjé en Jo da Silva speel. Kort nadat sy haar graad voltooi het, word sy die rol van Sanmari van Graan in die gewilde sepie 7de Laan aangebied – 'n belangrike rol wat sy tot op hede vertolk.

Amalia hoop en droom om eendag na haar loopbaan terug te kyk en te weet dat sy haar passie voluit geleef het en dat sy elke geleentheid wat in die vermaaklikheidsbedryf na haar kant toe gekom het, aangegryp en daarin uitblink het.

Wat het jou aangetrek na of geïnteresseer in die Klein Karoo-storie?

Wat my in die eerste plek aangetrek het, was die vooruitsig om aan 'n nuwe teks te werk en 'n totale nuwe karakter te skep, om op 'n nuwe stel te skiet en 'n klomp nuwe mense te ontmoet. Ek was (en is) in 'n stadium van my loopbaan waar ek drasties vernuwing en vars stimulasie nodig het. Ek

is ook 'n groot aanhanger van romantiese komedies en wou nog altyd in een speel. Dis 'n massiewe bonus dat hierdie film ook 'n projek is met 'n hart – wat die opheffing van minderbevoorregte gemeenskappe daadwerklik wil laat realiseer. Dis een ding om 'n mooi boodskap oor te dra, maar om verantwoordelikheid te aanvaar en prakties betrokke te raak, plaas die ganse Klein Karoo-projek in 'n klas van sy eie.

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ongelooflik! Ek dink nie ek sal gou weer aan 'n produksie werk met so 'n pragtige ligging nie. Die blyplek, Swartberg Manor, was net so indrukwekkend en hulle het baie mooi na ons gekyk – van kaggelvure, rooiwyn en regte plaaskos tot die beeldskone uitsig en vars lug. Dit was net wat 'n mens nodig gehad het om tussen tonele te herlaai!

Wat was jou gunstelingtoneel en waarom sê jy so?

My gunstelingtoneel was die een by die atletiekbaan. Ek en Donnalee werk oor die algemeen baie lekker saam en ek was mal oor Magriet se megafoon – rekwisiete gee 'n toneel soms net die sprinkel wat dit nodig het.

Wat was die grootste uitdaging van die rol wat jy moes vertolk?

Magriet en my karakter in 7de Laan is in sekere opsigte nogal dieselfde. Al twee kan 'n bietjie bitchy wees sonder dat hulle hulself noodwendig kan help. Hulle is beide baie ambisieus en hou nie daarvan om aan die verloorkant te wees nie en albei karakters is komiese karakters sonder om karikature te wees. Die grootste uitdaging was dus om iets totaal anders te skep en nie net vir Sanmari 'n nuwe baadjie aan te trek nie. Aangesien Magriet so 'n bieeeetjie meer van 'n teef is, kon ek lekker daarmee werk en ek glo dat ek wel daarin geslaag het.

Hoe was dit om saam met 'n ervare regisseur soos Regardt van den Bergh te werk?

Regardt was 'n ongelooflike regisseur. Hy is vriendelik en warm, toeganklik en maklik om mee saam te werk. Hy het 'n pragtige hart en ek hoop om weer saam met so 'n talentvolle regisseur te werk wat boonop 'n mens-mens is.




KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



Hoe voel jy oor die boodskap wat die Klein Karoo-storie wil uitdra, Cybil se passie om 'n verskil in haar gemeenskap te maak, en die feit dat Kaapland Films 'n blywende impak wil maak in die omgewing waar die rolprent geskiet is?

My antwoord hier oorvleuel met my eerste antwoorde. Verder kan ek net sê ek hoop dat dit ander rolprentspanne sal aanspoor om ook betrokke te raak by die opheffing van gemeenskappe en dat almal die noodsaaklikheid van volhoubare ontwikkeling sal insien. Dit is werklik die pad wat ons in die toekoms moet inslaan. En dit is nie 'n cliché om te sê dat elke bietjie werklik help en dat ons almal 'n verantwoordelikheid het nie. Ek voel Tim en sy medeskrywer het 100% daarin geslaag om 'n teks te skep en 'n storie te vertel wat nie net vermaak nie, maar ook inlig en bewus maak.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ek kan werklik nie aan iets dink wat uitstaan nie, omdat alles vir my 'n hoogtepunt was. Ek wens net ek kon langer in die Swartberge vertoef. Dit was van die wonderlikste weke van my lewe en die kennis wat ek daar opgedoen het, asook nuwe vriendskappe wat gesmee is, sal ek vir die res van my lewe saam met my dra.

VERVAARDIGERS:

COBUS VAN DEN BERG

Cobus is gebore in die apartheidsjare, was te jonk om 'n hippie te wees en te oud om 'n computer whizz kid te wees!

Hy speel op skool in elke denkbare drama, maar gaan studeer na skool om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word, omdat sy pa gesê het hy betaal slegs as hy iets swot waarmee hy eendag 'n regte werk kan kry. Die droom van die rolprentwêreld het vir eers net 'n fantasie gebly.

Nadat hy onder meer 'n ontvanger van inkomste was, 'n maatskappy op die JSE help noteer het, 'n privaat ouditpraktyk gehad het en toe die laaste tien jaar saam met 'n vennoot hulle merk in die toerisme- en gasvryheidsbedryf gemaak het, kom Klein Karoo oor sy pad en die fantasie word werklikheid!

Gelukkig het al die jare se pogings om sy fantasie uit te leef, sy kennis van en passie en aanvoeling vir die bedryf, asook die teaterkafé wat hy die laaste ses jaar in sy en sy vennoot se hotel in Kaapstad bedryf het, die oorgang na filmvervaardiging seepglad laat verloop. En sy sakekennis en bemerkingsagtergrond het baie gehelp om van Klein Karoo 'n sukses te maak!

Wat het jou laat besluit om deel te word van Kaapland Films en om Klein Karoo aan te pak?

Een van die medevervaardigers het 'n geweer teen my kop gedruk!

Wat het jy die meeste geniet terwyl julle Klein Karoo gemaak het?

Die gedagte dat ons besig is om iets vir die nageslag na te laat en om 'n verskil te maak in die gemeenskap waar die verfilming plaasgevind het. Ook die wonderlike spangees.

Wat was die moeilikste deel van die vervaardiging van Klein Karoo?

Die beperkte tyd wat ons gehad het terwyl die weer nie altyd saamgespeel het nie.

Watter uitdagings het die vervaardigingsproses gebring?

Die tegniese span was baie klein en ek moes soms my instinkte vertrou sonder dat ek enige vorige ervaring gehad het. Ek moes op my passie en gesonde verstand staatmaak.

Wat was 'n hoogtepunt tydens die verfilming?

Beslis die toneel in die Kango-grotte – 'n eerste in 'n Afrikaanse flik!



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



Wat was die snaakste ding wat op stel gebeur het?

Dit was seker toe die kunsdepartement vir ons pakkies kondome gemaak het (omdat ons nie 'n borg gehad het nie) en gepaste name vir die produk op die internet gesoek het – heerlike orgasmiese kreatiwiteit.

Hoe was dit om saam met Regardt van den Bergh te werk?

'n Voorreg. Ek het met die maak van die rolprent tussen hom en Liezl Spies, wat kontinuïteit behartig het, gesit en was dus nou betrokke by elke besluit en ek kon vrae vra en voorstelle maak. Regardt is jou spreekwoordelike “legende”.

Waarom dink jy sal gehore van Klein Karoo hou?

Die eerlikheid en die feit dat die flik beslis 'n gewete het.

Watter uitdagings was daar om saam met Tim en Jorrie te werk?

Wat 'n onregverdige vraag! Ha-ha. Natuurlik verskil ons uitkyk oor dinge, ons verteenwoordig immers twee verskillende geslagte, maar ek dink ons respek vir mekaar en ons kreatiwiteit het 'n perfekte brug gebou.

Watter uitdagings is daar om 'n rolprent in Suid-Afrika te maak?

Die bitter klein Afrikaanse mark waarin ons werk en waarvan 'n groot gedeelte van die mark die persepsie het dat iets uit Hollywood moet kom om goed te wees; en natuurlik ons klein begrotings terwyl die loket 60% van die kaartjieverkope vat.

TIM THERON

Sien antwoord onder rolverdeling.

JORRIE VAN DER WALT

Sien antwoord onder kinematograaf.

REGISSEUR

REGARDT VAN DEN BERGH

Daar is verskeie redes waarom ek tot die Klein Karoo-film aangetrokke gevoel het. Nog voordat ek die draaiboek gelees het, het Cobus van den Bergh, Tim Theron en Jorrie van der Walt met my kom praat om te hoor of ek sou belangstel in so 'n projek. Hulle het my ook gevra om te kyk of die draaiboek lewensvatbaar as 'n rolprent sou wees. Wel, hulle opgewondenheid om die film te maak en die geesdrif waarmee die storie aan my vertel is, het my sommer van die staanspoor geïnspireer. Ek het toe reeds geweet, hierdie ouens gaan nie 'n fout maak nie.

Behalwe vir die feit dat die storie so vars en opreg vertel kon word, het die omgewing my baie opgewonde gemaak. Ek het geweet ons sal 'n pragtige rolprent in die Klein Karoo kan maak. 'n Mens kan amper nie 'n fout maak om in daardie wêreld te skiet nie. Daar is min wat daarby kom om 'n rolprent op die platteland te skiet – die mense se ondersteuning en entoesiasme word in oormaat gegee.

Ek het ook besef dat dit baie lekker sou wees om saam met soveel jong mense in die bedryf te werk. Geld kan nie daardie soort lojaliteit en betrokkenheid koop nie. Dit was vir my 'n groot vreugde om te sien hoe die spelers en tegnici in hulle “rolle” ingroei. Spelers soos Tim en Donnalee (eintlik moet ek die hele spul noem!) het daagliks met soveel verwagting (en so goed voorbereid) by die stel opgedaag dat dit soos 'n ontdekkingsreis gevoel het.

Dit was vir my heerlijk om Tim se droë humor te ontgin en 'n natuurlike platform te skep waarin hy daaraan kon uiting gee. Dit sit nie sommer in enige ou se broek om jou eerste groot rol te speel en die voortou so behendig te neem dat jy die ander sekuur deur die proses lei nie. Tim het 'n great job gedoen!

Ek het Donnalee se erns met haar rol baie waardeer en ek glo dat die gehore sal sien dat sy nie net haar rol “inbel” nie,



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



maar dit werklik beleef. Maar ek kan van al die spelers sulke dinge sê. Die hele lot het 'n wonderlike bydra tot die algehele ervaring gemaak.

Uit 'n tegniese oogpunt gesien, het ons omtrent 'n wonderwerk beleef. Ons moes in 'n baie kort tydjie skiet en om die storie met genoegsame vaardigheid te vertel in die tyd wat die begroting toegelaat het, was vir almal 'n hengse uitdaging! Ek dink veral Jorrie (dit was sy eerste vollengte rolprent) het met sy pragtige kamerawerk gesorg dat ons 'n rolprent het waarop ons werklik kan trots wees.

Dit was nie my eerste ervaring met jong mense in die bedryf nie, en ook nie my eerste ervaring met vervaardigers wat nog nie 'n rolprent aangepak het nie, maar as hulle my 'n keuse sou gee, doen ek dit vandag weer... met presies dieselfde ouens!

KINEMATOGRAAF

JORRIE VAN DER WALT

Nadat Jorrie as topstudent 'n graad in visuele kommunikasie behaal het, het hy drie jaar vir Homebrew Films gewerk, waar hy ervaring in kamerawerk, steady cam, beligting en klank opgedoen het. Hierna begin hy sy eie produksie maatskappy, Empty Canvas Productions, en wen hy verskeie plaaslike en internasionale toekennings, van die beste musiekvideo tot die beste kinematografie. Sy ervarings sluit die regissering van fotografie op 'n vollengterolprent, kommersiële films, dokumentêre films, kortfilms, reekse, musiekvideos en televisieproduksies in.

Produksies waarby hy betrokke was, is onder meer Klein Karoo (vollengterolprent), The South African Story with Archbishop Desmond Tutu, Johnson & Johnson- en Samsung-advertensies, asook dokumentêre films oor moderne migrasie en bedreigde natuurlewe vir die Nasionale Geskiedenis-eenheid. Hy werk ook aan verskeie plaaslike produksies vir M-Net, kykNet, Mzansi, SABC en SuperSport. In sy eie woorde: "Ek doen uitstekende werk en probeer om

die beste te wees in wat ek doen. My beste eienskappe is dat ek kreatief is, op besonderhede konsentreer, gefokus bly, hard werk en 'n spanspeler is".

Hoe was dit om in die Klein Karoo, en in die besonder die Swartberge, te werk?

Ek sal nooit my eerste ervaring vergeet van die omgewing waar Klein Karoo afspeel nie. In Augustus 2011 was ons op pad na ons eerste location recce vir die rolprent. Net na Calitzdorp draai ons toe van die hoofweg af op 'n grondpad na die Swartbergpas toe. En toe verander 'n doodgewone grondpad binne enkele kilometers in een van die mooiste landskappe wat ek nog gesien het. Dit was my eerste ontmoeting met die Swartberge en ek het dadelik besef hoe voorreg ons is om in Suid-Afrika stories te kan vertel.

Klein Karoo speel af in een van ons land se mooiste dele en sonder twyfel een van my gunstelinglandskappe. Dit was so 'n lekker ervaring om in die omgewing te werk. Jy kan die kamera na amper enige kant toe swaai en jy is gewaarborg dat iets indrukwekkend in jou raam sal verskyn. Ek dink die film wys pragtige fasette van die omgewing en hoe divers dit is – om dit op kamera vas te vang, was nie 'n moeilike taak nie.

Wat sal jy nooit van jou tyd op die Klein Karoo-stel vergeet nie – enige interessante stories?

Ek sal nooit die laaste toneel van die flik vergeet nie. Dit was een groot gejaag na tyd. Ons het nie soseer die lig gejaag nie, maar eerder ons eie skedule. Ons het agter geraak en het net 40 minute gehad om die toneel te skiet, omdat twee van ons akteurs 'n vlug moes haal. Die toneel speel af voor Kalfieskraal en die tyd van die dag vir die toneel was heeltemal verkeerd. Die son het verwoed geskyn en die pad het soos glas weerkaats. Maar daar was 'n dun strokie wolke in die lug en ons het besef dat dit ons kans is as ons die toneel wil skiet. Die wolk kon ons dalk een kans gee om die wye skoot van die toneel af te handel. Toe die son agter die wolk inskuif, het ons begin skiet en merkwaardig genoeg het die wolk op so 'n manier beweeg dat die son vir



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



minstens 15 minute agter die wolk verskuil was. Ek weet nie hoe ons daardie spesifieke toneel sou kon skiet sonder die wonderwolk van die Karoo nie.

Vertel 'n bietjie meer oor die toerusting wat julle gebruik het en die waarde wat dit na jou mening tot die rolprent gevoeg het?

Ons het met die SONY F3 met 'n Pix 240 recorder geskiet. Die F3 het 'n baie maklike werkvloei en saam met die Pix 240 het dit ons in staat gestel om sonder te veel moeite op stel na snellers (rushes) te kyk. Dit is altyd 'n groot voordeel as jy rofweg kan sien hoe alles bymekaar gaan kom. Ons het ook heelwat dollie-beweging gebruik, wat goed saam met Regardt se regie gewerk het omdat hy sy karakters baie laat beweeg.

Hoe was dit vir jou om sy aan sy met Regardt van den Bergh te werk?

Dit was vir my 'n groot voorreg om saam met 'n legende van ons bedryf te werk. Regardt is een van die maklikste mense om mee saam te werk en iemand na wie ek persoonlik opkyk. Hy het soveel kennis, maar is altyd oop vir voorstelle en idees. Die oomblik wat Regardt op stel stap, daal daar 'n rustigheid neer. Selfs in die dolste oomblikke, waar daar net nie genoeg tyd is om alles te doen nie, kan hy kalmte bring.

Wat was jou grootste uitdagings as kinematograaf of regisseur van fotografie?

My grootste uitdaging was die min tyd wat ons gehad het om die film te skiet, maar ek dink dit gaan altyd 'n uitdaging wees. Ons wil altyd meer tyd hê vir 'n ekstra skoot, mooier lig en beter framing. Wat ons goed reggekry het, was om genoeg tyd toe te laat vir die beligting en opstel van 'n toneel, waarna ons die toneel vinniger kon skiet, met byvoorbeeld net twee skote. Dit het dinge egter vir die akteurs moeiliker gemaak, maar het baie bygedra tot die kwaliteit van die beelde.

TEKSSKRYWER

ETIENNE FOURIE

Etienne het sy eerste kortverhaal op die ouderdom van sestien gepubliseer, vir die ATKV se nasionale skryfskool en kompetisie onder leiding van prof. Hans du Plessis (Die Griekwa-Psalms) en sy tweede kortverhaal 'n jaar later. Sy kortverhaal, "Die Kloosterkoeke", is omskep in 'n toneelstuk vir Affies se jaarlikse kultuurfees. Etienne was die eerste studentedramaturg by sy hoërskool en het oor 'n tydperk van drie jaar 'n verskeidenheid toneelstukke geskryf.

Etienne het in 2011 sy honneursjaar by AFDA voltooi en het teen dié tyd al 'n hele klomp kortfilms en musiekvideo's gemaak, onder andere vir *Wrestlerish* en *Zondernaam*, wat ook die wenvideo vir die 2010 MK Rockspaaider-kompetisie was. Etienne se advertensies sluit in: *Sleeping Children Around the World* (genomineer vir 'n 2011 Loerie-toekenning) vir 'n Kanadese welsynsorganisasie en 'n advertensie vir *Ster-Kinekor* se *Vision Mission*-inisiatief (2012 Loerie-wenner). In 2011 het Etienne toekennings vir beide beste regisseur en beste draaiboek ontvang by die AFDA-toekennings, asook 'n benoeming vir die 2012-studente-Oscars vir "Die Windpomp".

Wat was die grootste uitdagings tydens die skryfproses?

Behalwe vir die pret wat die skryf van Klein Karoo my besorg het, was daar baie uitdagings. As skrywer, waar ek altyd ten volle in beheer is – van die konstruksie van die storiewêreld tot die karakters se haarstyle – het ek dit moeilik gevind om van 'n bestaande konsep 'n volledige storie te ontwikkel. Voor hierdie projek was my enigste ervaring van só 'n proses "Die Bakker", wat ek in 2010 vir Regardt geskryf het. Die grootste uitdaging was om te besluit waar en wanneer om my eie stem ten volle te gebruik en wanneer om eerder te luister. Dit was belangrik dat die storie wat Kaapland terugkry, herkenbaar is as die een wat hulle vir my gegee het. Daar was tye wat ek gefrustreerd geraak het omdat ek nie instinkief kan optree en die storie manipuleer tot iets wat vir my natuurlik voel



KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkarofilm.co.za



nie. Dit was egter belangriker om die storie van die begin af te verstaan en om hierdie nuwe wêreld saam met my nuwe karakter-vriende aan te durf – aan wie ek baie geheg geraak het.

Wie was jou gunstelingkarakters en oor wie het jy die graagste geskryf?

Die karakters wat aanvanklik uit Tim se verbeelding geklouter het, was almal baie interessant en kleurvol. Dit was lekker om met karakters te werk waarvan ek hou, dat hulle mense is saam met wie ek wil koffie drink en oor die lewe gesels. Dit het die proses nogal vergemaklik. Alhoewel ek slegs aan die meerderheid van hierdie karakters voorgestel is en hulle nie self geskep het nie, was dit vir my onsettend belangrik om my eie stempel op hulle af te druk – die dialoog is so te sê die enigste deel van die karakters wat die skrywer kan gebruik om hulle aan 'n gehoor (wat nie die draaiboek voor hulle het nie) voor te stel. Dit was juis die rede waarom ek veral vir Karel lief geraak het, want hy is 'n ongemaklike siel, wat sy woorde tel en slegs praat wanneer dit absoluut noodsaaklik is. Dit het veroorsaak dat enigiets wat Karel wel kwytraak, nogal gewig dra. Ek kon ook heelwat aspekte van my eie persoonlikheid in die ou sien. Ek het ook baie van Hermientjie gehou, wat nooit op haar bek geval is nie. Dit was lekker om haar 'n paar mal dinge te laat sê en doen, met die gevolg dat die hoofkarakters, in teenstelling met haar, heel beskaafd en aanvaarbaar voorkom, selfs wanneer dinge 'n bietjie begin handuit ruk.

Hoe het dit gevoel om te weet dat jou draaiboek deur Regardt van den Bergh verfilm gaan word?

Dit is 'n eer om iemand soos Regardt van der Bergh te hê, wat sy eie tipe towerkrag gee aan die woorde wat jy alleen in jou woonstel geskryf het. Omdat hy 'n legende in die bedryf is, het dit nogal druk op my as skrywer geplaas – ek wou hom nie teleurstel nie en so aan, maar Regardt is so 'n opregte, nice ou dat ek eintlik maar kon ontspan. Ek het myself deurentyd daaraan herinner dat die storie die belangrikste is. En 'n goeie storie bly 'n goeie storie, ongeag wie dit vertel. Dit was (en is steeds) my eerste prioriteit.

Hoe was dit om saam met die span van Kaapland Films te werk?

Die eerste ding wat my opgeval het toe ek die Kaapland-ouens ontmoet het, was dat hulle 'n groep goeie vriende is wat saamspan om cool goed saam te doen. Die Kaapland-manne verstaan die skryfproses en het my die ruimte gegee om te doen wat ek moes – al is ek nogal 'n vreemde siel – wat ek opreg waardeer het. Ek wil graag vir Cobus uitsonder, want hy is 'n gentleman en ek het onsettend baie respek vir die manier en die hoeveelheid passie waarmee hy hierdie projek aangepak het. Ek kan nie wag om die finale produk te sien nie en as dit van hierdie manne afhang, gaan ek beslis nie teleurgestel word nie.

DIE STEL (LOCATION):

Om die regte plek te kry om jou rolprent te verfilm, 'n plek wat by die teks pas en aanvullend tot die storie is, is gewoonlik 'n groot kopseer vir 'n rolprentvervaardiger.

Met die rolprent Klein Karoo was ons van die begin af baie gelukkig ten opsigte van die location waar die prent geskiet is. Die rolprent se naam sou oorspronklik Droomverlore gewees het en dit sou in Stellenbosch afgespeel het. Ons het egter almal ons harte in die Klein Karoo verloor na 'n naweekwegbreek by Swartberg Country Manor. Dit was gelukkig nog baie vroeg in die proses – voordat die teks geskryf is en ons nog net 'n storie gehad het.

Toe het die film se naam Klein Karoo geword en het die omgewing waar ons sou skiet, die Kango-vallei aan die voete van die Swartberge, nie net die ideale location geword nie, maar nog 'n karakter in die rolprent.

In gesprekke met Regardt en ook met Etienne, het ons almal saamgestem dat die omgewing 'n sentrale rol moet speel. Die mense in die omgewing was ook meer as bereid om te help. Hulle het hulle huise en plase oopgestel sodat ons daar





KLEIN KAROO

'N KLEIN BEGIN, 'N GROOT DROOM, 'N NUWE LEWE

IN TEATERS 1 FEBRUARIE 2013

www.kleinkaroofilm.co.za



kon skiet en daar was ook 'n hele paar geluuskote - 'n mens kan dit selfs wonderwerkies noem.

Ons het byvoorbeeld op een van ons heel eerste location scouts 'n afrit gemis en op 'n verkeerde grondpad beland. Daar kom ons toe "per ongeluk" op die oulikste klein kleuterskool af, genaamd Rin Tin Tin Skool. Die skooltjie is baie afgeleë, maar het perfek ingepas by ons prentjie van "Kalfieskraal". Ons sou moontlik nooit self by die skooltjie uitgekom het nie en die film sou heelwat armer gewees het daarsonder.

Nog 'n geluk by die ongeluk was die dag toe ons 'n belangrike piekniektoneel op die Swartbergpas wou skiet. Die wind het egter so erg gewaai dat dit heeltemal onmoontlik was om so hoog op in die berge te skiet. En toe kom die wonderlike mense van die Kango-grotte tot ons redding en die hele toneel word in die grotte geskiet - die heel eerste Suid-Afrikaanse en Afrikaanse rolprent wat in die grotte geskiet is. Wat 'n voorreg!

Klein Karoo se location het ons die geleentheid gegee om 'n gedeelte van Suid-Afrika se skoonheid te wys, en die grootsheid van die Swartberge plaas Klein Karoo dadelik kinematies op 'n internasionale vlak.

NAVRAE:

JANIS ELLIS

E: janis@thefamefactory.co.za
S: 083 309 6589

DAVID ALEX WILSON

E: davidalex@madmoth.co.za
S: 083 629 2587

